LAERSKOOL UNIKA

ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**9 Julie 2019 / Nr. 20**

1. **WELKOM TERUG NA 'n HEERLIKE VAKANSIE!**

   Welkom terug aan al ons leerders, personeel en ouers na 'n welverdiende vakansie! Mag ons as skool 'n wonderlike en geseënde 3de kwartaal beleef. Almal se samewerking in elke opsig word opreg waardeer. Saam groei ons sterker en tot groter sukses.

2. **PERSONALIA**

   Baie geluk aan juffrou Nadia Pitou-de Jager wat gedurende die skoolvakansie in die huwelik getree het. Sy is nou me. Bouwer. Ons wens haar en mnr. Bouwer alle voorspoed, geluk en liefde.

3. **OUERAAND**

   Oueraand vind op Donderdag, 11 Julie plaas.
   Tye is soos volg:
   **Gr. R-7 – bespreekte afsprake (onderwysers was reeds in kontak met ouers vir afsprake):**
   Tussen 17:00 en 18:00 (gr. R-3 in hul registerklasse en gr.4-7 in die saal).
   **Tydgleuf vir gr. R-3 ouers (wat nie bespreekte afsprake het nie):**
   Tussen 18:00 en 19:00 in hul registerklasse. Indien u graag wil kom, vul asb. die vorm in wat buite die klas beskikbaar is.
   **Tydgleuf vir gr. 4-7 ouers (wat nie bespreekte afsprake het nie):**
   Tussen 18:00 en 19:00 in die saal.

4. **BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

   Neem asseblief kennis dat die buitemuurse aktiwiteite reeds vandag, Dinsdag, 9 Julie begin. Sien asb. al die inligting op d6.

5. **HEKTYE**

   Let asb. dat vanaf **1 Aug** (vir sekuriteitsredes) die enigste hek in Abbotweg (hoofhek) oop sal wees ná 15:30. Die sporthek sal steeds oop wees gedurende normale tye tussen 06:45 en 07:30 en tussen 13:00 en 15:30. Ons waardeer u samewerking en vertrou dat u saam met ons die veiligheid van leerders as uiters belangrik beskou.

6. **BOME IS LEWE - SKOLEKOMPETISIE**

   **Bome is lewe - skolekompetisie:** net 'n herinnering dat die kompetisie op Donderdag, 18 Julie sluit en alle inskrywings by juffrou Chanel ingehandig moet wees.

## 7. KULTUURFEES

*Unika se kultuurfees vind plaas op Woensdag, 17 Julie!*

Ons sien baie uit na hierdie spoggeleentheid en met die samewerking van ons personeel, ouers en leerders, is daar geen twyfel dat dit 'n groot sukses gaan wees. Om seker te maak dat als vlot verloop, vra ons dat u asb. kennis neem van die volgende belangrike inligting:

- Alle leerders wat sing en dans moet hul musiek op 'n gemerkte USB-stokkie, teen die laatste Vrydag, 12 Julie by juffrou Maritza inhandig.
- Alle kunswerke moet teen die laatste Vrydag, 12 Julie by juffrou Chanel ingehandig word. Geen latere kunswerke sal aanvaar word nie.
- Koorlede tree op vanaf 19:00. Inligting sal aan elke koorlid deurgegee word.

Die program is soos volg, maar is onderhewig aan veranderinge:

| **Ouditorium: Klassieke Musiek** | **Saal: Dans** | **Vierkant: Lewendige Musiek en Instrumente** | **Lapa: Spraak en Drama** |
| --- | --- | --- | --- |
| **17:00 – 17:30 & 18:00 – 18:30**<br>• Etienne Kirsten: Klavier *Theme from James Bond*<br>• Marlé Greyling: Tjello<br>Anja Greyling: Viool<br>Begeleier: Fourie Greyling en Jeanine Marais: *Minuet in G, Ludwig Beethoven*<br>• Elané Maree: Kitaar: Rhinestone Cowboy<br>• Beate Kirsten: Klavier<br>• Mille Lewis: Klavier *The Greatest Show on Earth*<br><br>**17:30 – 18:00 & 18:30 – 19:00**<br>• Mille Lewis: Klokkies<br>• Lente Kleynhans: Klavier: *Amélie – Yann Tiersen*<br>• Rikus Cronje: Sang Begeleier<br>• Saret Bester: Sang: *A Child's Prayer* Begeleier: Steffie le Roux<br>• Shanae Nel, Elisha van Niekerk en Anja Greyling: ????? | **17:00 – 17:30**<br>**&**<br>**17:30 – 18:00**<br>**&**<br>**18:00 -–18:30**<br><br>• Zeta Reyneke: Akrobatiese dans: *This is Me*<br>• Grethe Malan: Ballet<br>• Emma Lok en Bella Jacobsz: Moderne danse: *A Duo* uit die fliek *An American Tail*<br>• Kiara Muller: Ritmiese gimnastiek: *Altyd Ritmies* | **16:30 – 18:30**<br><br>• Jukebox Heroes: Reghardt & Alanda de Bruin<br>• Bernard Nell: Dromme: *5 Seconds of Summer – Youngblood*<br>• Ethan de Bruin: Kitaar<br>• Carla Klingbiel: Sang<br>• Anja Engelbrecht: Sang | **17:00 – 17: 30 & 18:00 – 18:30**<br><br>• Carla Klingbiel: Dramatiese monoloog: *Vergete Een*<br>• Anja Engelbrecht: Voorbereide redenaars<br>• Kevin Marais Gedig: *Little Red Riding & The Wolf*<br>• Dirk Jacobs: Narrative prose: An extract from *BFG – Roald Dahl*<br>• Carla Klingbiel: Voorbereide redenaars<br>• Kevin Marias en Carla Klingbiel: Samespraak: *Batman and Little Red* |

Jukebox Heroes en Beeskraal gaan ons met lewendige musiek en "Golden Oldies" in die vierkant vermaak totdat die kore vanaf 19:00 gaan optree.

Vir verdere navrae, kontak juffrou Maritza Nell by maritza.nell@unika.co.za